Hoe om jou gesin te ontstig deel 3
6 November 2005
Ds Freddie Schoeman

Reeks: hoe om jou gesin te ontstig. Kinders so 'n paar tips gegee oor hoe om hulle gesinne op hulle koppe te keer – wat om te doen wat regtig konsternasie sal veroorsaak. Bv.

- Bied aan om die gras te sny
- Bied aan om die skottelgoed te was
- Maak jou kamer aan die kant

Ek het gereken as kinders dit begin doen sal hulle regtig hulle ouers erg onkant vang.

Die reeks gaan eintlik oor gesinne – hoe gesinne aanmekaar gesit is en hoe gesinne werk. Die Here het die gesin gemaak. Omdat Hy die gesin gemaak het, weet Hy hoe dit werk. As ons dus wil weet hoe gesinne werk – moet ons na die maker se handleiding toe gaan – die Bybel.

As ons moeilikheid wil hê dan moet ons iets op 'n manier gebruik waarvoor dit nie gemaak is nie. Elke ding het sekere gebruiksreëls. Ons rig skade aan as ons dit nie gebruik volgens die reëls of riglyne nie. As jy ...

- 'n eier in die mikrogolfoond probeer gaarmaak
- of jou nat tekkies daarin probeer droogmaak
- of kondensmelk!

'n Gesin bestaan uit ouers en kinders. Daar is sekere reëls wat geld vir beide – dan is daar reëls wat geld vir ouers alleen en vir kinders alleen.

God se reëls: 10 Gebooie. Eerste vier gebooie – hoe om God reg te dien / Laaste ses gebooie – hoe om teenoor mekaar op te tree. As ons nie volgens die reëls leef nie – kan daar baie pyn kom. Dis nie asof die Here ons straf nie – dis die natuurlike gevolg van dit wat ons doen. Daar's 'n rede vir elke reël ... (bv. Moenie oor die straat loop nie, moenie met 'n mes in jou hand hardloop nie.)

1. Eerste vier gebooie: die Here moet in die middelpunt wees van die gesin.

2. Eer jou vader en jou moeder. Hoe? Respek / gehoorsaamheid

3. Jy mag nie moord pleeg nie. Jesus (Matt 5:21-22): [21] *"Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank'.* [22] *Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur.*

Jy kan mense doodmaak met jou woorde! Woorde maak seer – praat mooi met mekaar. Moenie lelike goed vir mekaar sê nie.

4. Jy mag nie egbreek pleeg nie. Dit geld ouers. Nie soseer oor egskeiding nie maar buite-egtelike verhoudings. Gebrek aan liefde en trou teenoor mekaar. Grootste guns wat ouers aan hulle kinders kan bewys is om vir mekaar lief te wees. Skep 'n veilige ruimte vir kinders.

5. Jy mag nie steel / jok / begeer nie. Ons moet mekaar se goed en ruimte respekteer. Elkeen het ruimte nodig in 'n gesin. Elkeen het privaatheid nodig. Ouers moenie kinders se ruimte sommer indring nie. Kinders moet ouers se besittings respekteer. Moet mekaar in ag neem. Respek beteken ook om nie goed vir mekaar weg te steek nie – om die waarheid met mekaar te praat. Vertroue – nie na buite sleg praat van mekaar nie.

Wat gebeur as ons nie die reëls nakom nie. Baie pyn.

Die Here los ons nie alleen nie. Hy sê nie: "Ek het jou gewaarsku; moenie nou by My kom huil nie!"

- God wil bemoedig / vertroos

[3] *Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee.* [4] *In elke moeilikheid bemoedig Hy ons.* (2 Kor 1:3-4)

- God kan en wil heelmaak

[27] Sy het van Jesus gehoor en in die gedrang nader gekom en van agter af aan sy klere geraak, [28] want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word. (Mk 5:27-28)